DEEL 114 | WEEK 10 | 11 MAART 2022 | R5

# HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# DRIE AGTER TRALIES NA LEWIS DIEFSTAL







Die SAPD op Heilbron het gister drie mense gearresteer nadat daar gesteelde goedere in hulle besit gevind is. Daar was gedurende Januarie by die bergingstoor van Lewis ingebreek en huishoudelike ware ter waarde van sowat R72 000 gesteel. Die SAPD het gister op inligting gereageer en op die fonds afgekom. Daar is ook beslag gelê op 'n Samsung plasma TV wat nie deel was van die gesteelde items van Lewis nie. Hulle soek na die eienaar van die Plasma TV. Daar is nog van die ander gesteelde ware soek en is vermoedelik verkoop. 'n Blanke man, kleurling man en vrou verskyn vandag in die hof op aanklagte van diefstal en besit van gesteelde artikels. Die vrou is werksaam by Korrektiewe Dienste in Heilbron.

## SAKEMANNE EN INWONERS GAAN VERGADER

Sakemanne en inwoners is bekommerd oor die welstand van Heilbron en meer oor swak diens van Ngwahte Munisipaliteit. Daar is besluit om 'n loodsvergadering te hou vir die stig van 'n moontlike gemeenskapsforum volgende Dinsdag by die buiteklub. Alta Pretorius van AfriForum gaan die vergadering bywoon, lei en ook help om strukture te vestig. Besighede is veral bekommerd oor die verval van strate en algemene instandhouding van elektriese netwerk.









# BRONNIE-ATLETE PRESTEER

Verlede naweek was 'n opwindende naweek vir Hoërskool Heilbron se atlete. Die sekondêre atlete het Vrydag en Saterdag, 4-5 Maart 2022, aan die Vrystaat kampioenskappe te Bloemfontein deelgeneem. Van ons uitblinkers is Estené Janse van Rensburg wat 'n silwer medalje verwerf het vir die 5000 meter stap en Michaela Grobler met 'n vyfde plek in diskus. Die primêre atlete het op Saterdag, 5 Maart 2022 te Sasolburg aan die Noord-Vrystaat byeenkoms deelgeneem.

Die volgende atlete het baie goed presteer en gaan ons skool by die Vrystaat byeenkoms verteenwoordig:

- **Jurie Jonker**
  S O/10 gewigstoot - 1ste
- **Aldi Strydom**
  D O/13 gewigstoot - 1ste en D o/13 diskus - 2de
- **Gerrit du Plooy**
  S O/12 gewigstoot - 2de
- **Marizaan Swanepoel**
  D O/10 1200m - 3de
- **Ernest Scheepers**
  S O/12 gewigstoot - 5de
- **Chené Labuschagne**
  D O/10 gewigstoot - 6de


*Jurie Jonker*


*Chené Labuschagne*


*Gerrit du Plooy*


*Aldi Strydom*


*Marizaan Swanepoel*


*Ernest Scheepers*

# JA MALHERBE SE HOOFLEIERS VIR 2022



*J.A. Malherbe Primêre Skool in Petrus Steyn het hierdie week hulle hoofleiers vir 2022 aangekondig. Baie geluk aan Jané Janse v Rensburg en SJ Jacobs met die verkiesing.*

HBA
HEILBRON ABATTOIR
*The Butchers Choice*

## DEBITEURE KLERK

**VEREISTES:**
Noukeurige en akkurate werk onder tydsdruk word verlang.
Selfstandige eerlike persoon met sober gewoontes.
Moet resultaat gedrewe wees asook 'n dinamiese spanspeler.

Rekenaargeletterd, (WORD, EXCEL, OUTLOOK).
Kennis van Pastel. Kennis van Meat matrix program
(sal voordeel trek). Goeie algemene administrasievaardighede.
Aandag aan "detail" is belangrik. Die vermoë om onafhanklik te kan werk en aan streng spertye te voldoen. Afrikaans- en Engelssprekend.
Uitstekende skryf- en spraak kommunikasie vermoë.

**VERANTWOORDELIKHEDE:**
Loonadministrasie, Fakturering, Kredietnotas
Kwitansies, Joernaal – aankope en verkope sowel as voorraad-kontrole volgens faktuurinskrywings.
Daaglikse kontantverkope vir instapkliënte, Kleinkas elke dag afsluit.
Kontantbetalings en ontvangs elke dag op datum.
Afsluiting van daaglikse syfers. Kontrolering van daaglikse verkope met pastel so ook dat fakture vir die dag gefaktureer op hande is. Daaglikse voorraad inlees en kontroleer op program (korrek). Debiteure state kontroleer. Opstel van nuwe kliente (Debiteure) op stelsel volledig.
Lys kliënte met navrae en hanteer probleme. Weeklikse afsluitings en verslae. Maandelikse afsluitings en verslae. Koördinering van voertuie wat gelaai word ooreenstemmend met fakturering. Finansiële ondersteuning bied rakende debiteure aan finansiële bestuurder.

Diensaanvaarding so spoedig moontlik.
Die betrekking bied 'n salaris wat in lyn is met die ondervinding / kwalifikasies sowel as byvoordele.
Salarispakket sal ook bespreek word tydens die onderhoud en 3 jaar ondervinding minimum en kennis van abattoir/vleis sal voordeel kry.
Salaris is ook onderhandelbaar na gelang van die kwalifikasies per kandidaat vir die vakante pos.

**EPOS CV'S NA:** admin@heilbronabattoir.co.za
**AANSOEKE SLUIT:** 18 Maart 2022
Kantoor: 072 074 3879

# COUPLE ARRESTED

A couple aged 35 years was arrested in Heilbron for common robbery and possession of illegal ammunition.

It is alleged that on Wednesday, 02 March 2022 at about 14:30, a Traffic Officer was at Long Market Street conducting a Vehicle Check Point (VCP). The officer tried to stop a white Opel Corsa but the driver failed to stop. It led to a hot pursuit forcing the driver to stop the vehicle on the R57 into Phiritona.

The officer checked the vehicle and discovered that the vehicle is not roadworthy. When he was about to issue the suspect with a fine, the suspect started to be aggressive and an argument ensued.

The driver resisted arrest. He went on to grab the officers official firearm which they fought over until the magazine fell on the ground. It was picked up by the suspect's wife and they both left.

The traffic officer drove to Heilbron SAPS seeking back up. The suspect was handed over to Heilbron SAPS by his sister-in-law after hearing about the incident that took place earlier.

Heilbron SAPS Station Commander Lt Col Mokhethi conducted his investigation together with his members. It led to the arrest of the wife who was found in possession of the magazine and ammunition at the Informal settlement in Phiritona. She was also arrested for her involvement in commission of a crime.

**VAKATURE:**
**BOEDEL ADMINISTRASIE POS**

P & V

**Vaardighede sal voorkeur geniet:**

- Boedel bereddering ondervinding
- Sterk rekenaar geletterdheid (MS Microsoft)
- Goed georganiseerd en gefokus
- Goeie menseverhoudinge en kommunikasie
- Akkuraatheid van werk
- Afrikaans sprekend

**Aansoeke sluit 21 Maart 2022**

Adres: Breëstraat 33, Heilbron, 9650
CV: jurie@jgpotgieter.co.za

## *Vervaardiging:* VLEKVRY & SAGTE STAAL

- VERVOERBANDE
- AWEGAARS
- STATIESE TENKS (304, 316 EN SAGTE STAAL)
- WAENS
- GIFMENG TENKS



## *Herstelwerk*

- AGRI IMPLEMENTE
- STROPER SLUIT PARTE
- ALGEMENE SWEISWERK
- TRAILER ONGELUK HERSTELWERK



triangle BRAKE & CLUTCH

## *Trailers:* ONDERDELE & SEILE

- TREKKER & TROK KOPPELAARS

WEWELER HENRED FRUEHAUF



## *Bearings*

- ALLE TIPE BEARINGS
- RATKASTE
- MOTORS
- SMEERMIDDELS

BEARINGS INTERNATIONAL BMG



## *Hidrolies*

- VOLLEDIGE SISTEME
- POMPE
- ALLE GROOTTE PYPE
- MULTI-SPIRAL PYPE
- CYLINDERS



STAINLESS & MILD STEEL SOLUTION

Geregistreer by SABS

**Jaco Swart:**
**082 392 9819 | jaco@ejsm.co.za**
**Martin Swart:**
**082 389 7961 | martin@ejsm.co.za**
**Eddie Swart:**
**082 449 9113 | eddie@ejsm.co.za**

**www.ejsm.co.za**

# HEILBRON VOORTREKKERS GGN KAMP



Die naweek van 25 tot 27 Februarie 2022 het Heilbron Voortrekkers weer hulle jaarlikse gebieds georiënteerde naweek kamp aangebied. Dit was behoorlik ‘n fees om weer saam te kon tent opslaan en kamp. Saam met Heilbron het ook Orion Kommando (Vanderbijlpark) en Frankfort Kommando gekamp. Die doelstelling van die Voortrekkers is om ons jeug te bemag en verryk en deur die naweek is daar verskeie spesialisasies vir die kinders aangebied.

Graad 1: Junior kok en Kind van Jesus aangebied deur Ingrid Brayshaw.

Graad 2: Dierewaarneming, aangebied deur Jackie Wessels.

Graad 3: Die Kok en Handwerk aangebied deur Rickus van Zyl.

Graad 4: Dierekennis en Gasheer en gasvrou aangebied deur Sareta Pieters en Lizane van Zyl.

Graad 5: Godsdiens en Boeresport aangebied deur Ds Hans en Ria van Vuuren en Jaques de Wet.

Graad 6: Anglo Boereoorlog aangebied deur Corne van der Merwe.

Graad 7: Afrikanerkind aangebied deur Elna Cloete.

Die kombuis is met groot sukses en vol magies behartig deur tannie Bunny Cloete en Leatitia Mocke. Die logistieke reëlings is behartig deur oom Sarel Cloete. Dit was ‘n ongelooflike lekker kampnaweek gewees en die kinders en die offisiere het dit baie geniet. Die weer het ook lekker saamgespeel behalwe dat met Vrydaagaand se reenbui het ons sonder elektrisiteit gesit. Gelukkig is Voortrekkers baie bekwaam en is daar baie vinnig ‘n plan gemaak en Ds Hans van Vuuren het vir ons sy trekker beskikbaar gestel om die Vegkop feesterrein se kragopwekker aan die loop te kry. Baie dankie aan Ds Hans van Vuuren.

Heilbron Voortrekkers wil ook net ons borge, Lee Meats, Star Slaghuis, Luttan Eiers, die Melkkoei en Dimssa bedank. Baie dankie aan Vegkop Feesterrein se direksie vir die beskikbaarstelling van die terrein.















GiG Technologies
Kerk str. 44 Heilbron
Tel: 087 527 0838
Cell: 072 840 4495
info@gigtechnologies.co.za

- Internet Service Provider
- CCTV & Alarm Installations
- Computer Sales & Support

Technology without the headache!

## *Uit die pen:*



# WEEK 10 VAN 2022

Daardie skool was amper 'n professionele sportskool. Dalk nie heeltemal nie, maar soos baie voormalige Model C-skole, was die meeste personeel meer op die sportveld as in die klaskamer.

Die jurie is nog uit oor of 'n kind meer by sport as by kultuur baat, maar dit nou maar daargelaat. Ek was later moegbaklei om kinders by my kultuuraktiwiteit te kry.

Onderwysers het in klastyd die krieket pitch gaan rol, die atletiekbaan gaan kalk of die rugbyveld se gras gaan meet of gaan kyk of die verversingslokaal al hotdogs verkoop.

Ek kan onthou hoe ons een middag al die lyne op die atletiekveld gaan verf het. Daardie aand val die moeder van alle reënbuie, en ons moes dit die volgende oggend, voor seweuur die oggend, weer gaan doen. Natuurlik onder Die Skoolhoof se wakende oog.

Daar was interessante manspersoneel wat rugbyskeidsregters was. Hulle was altyd vuur en vlam wanneer die opleiding plaasgevind het want hulle het gewoonlik ’n nuwe hemp of t-hemp vir die geleentheid ontvang, maar party was maar traag wanneer hulle die wedstryde moes blaas. Een van die baie gekwalifiseerde skeidsregters was superfiks, en hy het soms tot drie wedstryde agtermekaar geblaas omdat die ander mans nie wou nie. Hulle was ook nogal vindingryk met die verskonings.

Dan was daar 'n ander skeidsregter wat weer glad nie vinnig kon beweeg nie. Wanneer hy vanaf die personeelkamer gestap het, was die oefening al bykans verby wanneer hy by die veld aankom. Hy was glad nie haastig of vinnig nie. Met 'n wedstryd waar hy as skeidsregter sou optree, het hy dit vanaf die middelkolletjie gedoen. Hy net elke keer rats omgedraai wanneer die spel verby kom hom. Foeitog, die persoon waarvan ek hier praat, het tans demensie, en kry baie swaar. Nietemin vertel ek hierdie met groot deernis.

Die Skoolhoof het min of meer elke rugbywedstryd bygewoon, wat regtig soms opoffering van hom gevat het. Maar wanneer ons span effens verloor of ewe skielik hulle balvaardighede verloor het, het hy onder die doelpale gaan staan en letterlik begin kook. Halftyd het hy die breier doodgeskree. Blykbaar het dit gehelp, want meeste van die tyd het die spannetjie beter gevaar na halftyd.

Ons dorp het nie ’n ambulansdiens gehad nie. Wel, as ek nou daaraan terugdink, was daar min of meer geen diens nie: geen brandweer en geen ambulans, soms polisie en wel een keer ’n verkeerskonstabel wat vir my boete opgelê het toe ek nie by ’n stopteken gestop het nie.

Iedergeval: ons het dus net by die finale wedstryde soms ’n ambulans langs die rugbyveld gehad. Maar ter verdediging: ons het ’n gekwalifiseerde mediese verpleegkundige gehad wat by elke liewe wedstryd was. Die tannie het haar mandjie toorgoed saamgebring: pleisters, water, verbande, wintergreen, water, deep heat, water, spalke, water en ’n spinaalbord. Het ek genoem dat sy die wonderwerkende water ook saamgedra het? Daar was seker nog ’n paar goeters in haar mandjie, maar wat ons gelukkig nie nodig gehad het nie.

Wanneer ek hieraan terugdink, wonder ek eintlik hoe onverskillig ons was? Wat sou gebeur indien ’n speler seergekry het en ons nie dadelik noodmediese sorg kon toepas nie? En ek praat nie hier van ’n sny of ’n gebreekte vinger nie. Dis dalk die rede hoekom ek my by kultuuraktiwiteite bepaal het. Geraamtes wat iewers uitsteek, was nie my forte nie.

Netbalwedstryde het ook sy kwota interessanthede opgelewer. Een van die rudbyskeidsregters se dogters was 'n uitstaande netbalspeler. Met een wedstryd het haar pa soos 'n onopgevoede toeskouer tekere gegaan. Die netbalskeidsregter blaas vir 'n voetfout, en die pa gaan weereens gal-af.

Die netbalskeidsregter stap doodrustig na die pa toe, gee haar fluitjie vir hom aan en vra, ten aanskoue van die res van die toeskouers, of hy eerder self die wedstryd wil blaas? Dit was die laaste keer wat die pappa so tekere gegaan het. Iemand beskryf sy gedrag daarna as volg: "Hy het soos 'n stink wind in die lug verdwyn." Hulle het nie die woord “wind” gebruik nie.

Bertie, van wie ek verlede week vertel het, was 'n krieketskeidregter, maar regtig niks lief vir die spel nie. Wanneer daar 'n wedstryd geskeduleer was, het Bertie 'n lawwe dans, wat hy sy "reëndans" genoem het, al rondom die skool se bus uitgevoer. En klokslag het daar 'n reënbui uitgesak. Nodeloos om te sê: daar was nie vreeslik baie krieketwedstryde gespeel nie.

Ongelukkig het die ligabepalings ons verplig om teen ’n sekere buurskool te speel. Ons was gewoonlik in die finale rondte hulle teenstanders. Maar gits, hulle was skelm. Wanneer dit ’n wedstryddag was, het almal naels gekou en was daar gewoonlik meer as een oog op die skeidsregter. Veral wanneer hulle netbal speel.

Hierdie skool was berug vir hulle, kom ons noem dit “senior” netbalspelers, in die junior span. Dit het meer as een keer gebeur dat hulle onder 8-spannetjie uit onder 10-meisies bestaan het. Hulle was nie vreeslik gewild nie. Maar nou kan ek byvoeg dat die rugbygevegte gewoonlik daarvoor opgemaak het.

Wanneer ’n span die liga gewen het, het die hele span, asook die afrigter(s) elke ’n medalje by die prysuitdeling ontvang. Ter erkenning.

Wanneer jy hier lees, klink dit soms na baie donker tye, maar dit was nie. Almal het saam gemor en geknor oor moontlike geknoei, maar almal het ook saam feesgevier wanneer spanne goed gedoen het. Spanne is nooit verneder omdat hulle verloor het nie, hulle is gemotiveer en daar is tyd aan hulle ontwikkeling bestee.

Dit hang natuurlik af wat jy as “motiveer” beskryf.

Tot volgende keer.

# KENNISGEWINGS

## KENNISGEWING

Kennisgewing in die **BOEDEL VAN WYLE TOPSY MBHELE,** Identiteitsnommer: 790320 0593 083, in lewe 'n Administrateur, woonatig te 1378 Fischerstraat, Reitz, 9810, getroud binne gemeenskap van goedere met **BONGANI MAXWELL MBHELE,** Identiteitsnommer: 740919 5549 080.

**DATUM VAN AFSTERWE: 16 JULIE 2020**
**BOEDELNOMMER: 005838/2020**

Kennis geskied hiermee dat die Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening in bostaande boedel ter insae sal lê by die kantore van die Meester van die Hooggeregshof, Bloemfontein, en die Landdros te Reitz vir 'n periode van 21 (Een-en-Twintig) dae vanaf datum van hierdie kennisgewing.

Indien geen besware daarteen by die Meester van die Hooggeregshof of by die Landdros binne die gemelde tydperk ingedien word nie, sal die Eksekuteur tot die uitbetaling daarvolgens oorgaan.

Kennisgewing vir publikasie: 12 Maart 2022.

**PROKUREURS VIR EKSEKUTEUR**
**BLIGNAUT & WESSELS**
**SAREL CILLIERSSTRAAT 29**
**REITZ, 9810**

# DIENSTE • DIENSTE


**Andries Muller**
**072 447 7446**
Vrystraat 23, Heilbron
Ou Heilbron Betonwerke se gebou
Muller Draaiwerke
MILLING • KEYWAYS
ALGEMENE DRAAIWERK
MEGANIESE HERSTELWERK

**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**
R

**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
**Kontak Evert Kleynhans**
**072 018 3685 Heilbron**
R

**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**

**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!


# SMALLS

# EIENDOMME


**VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME**
Vir die beste transaksies en diens
Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes 083 308 9159


# GEKLASSIFISEERD


**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5**
**Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**
- **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
- **John Watson** john@heilbron.co.za
- **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
- **Marilize** herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
- **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
- **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
- **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
- **Jeanne** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- **Silma** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerant, advertensies)
- **Silma** marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort , Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**


***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

# SUDUKU

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 4 | 5 | | | | | | | |
| | | 2 | | 7 | | 6 | 3 | |
| | | | | | | | 2 | 8 |
| | | | 9 | 5 | | | | |
| | 8 | 6 | | | | 2 | | |
| | 2 | | 6 | | | 7 | 5 | |
| | | | | | | 4 | 7 | 6 |
| | 7 | | | 4 | 5 | | | |
| | | 8 | | | 9 | | | |

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | |
| | | | | | 3 | | 8 | 5 |
| | | 1 | | 2 | | | | |
| | | | 5 | | 7 | | | |
| | | 4 | | | | 1 | | |
| | 9 | | | | | | | |
| 5 | | | | | | | 7 | 3 |
| | | 2 | | 1 | | | | |
| | | | | 4 | | | | 9 |

SUDUKU - Each grid is made up of nine columns by nine rows. This grid is then divided into groups of nine boxes giving a total of nine blocks. Each of these nine blocks must have the numbers 1 to 9 placed in them, but here is the catch - no row and no column can have any number repeated so your job is to place the numbers in the boxes without repetition in the rows and columns.

**VEGKOP BRAND BESKERMINGS-VERENIGING**

**Algemene Jaarvergadering vind plaas op 17 Maart 2022 om 17:00 op Vegkopterrein.**

Borge:
Molatek en BKB
Navrae:
Andries Swart
082 344 2086


**POSTNET HEILBRON**
**CRIMINAL RECORD CHECKS NOW AVAILABLE AT POSTNET HEILBRON**
· STANDARD - 24 TO 48 HOURS – R210.00
· PREMIUM - 5 HOURS – R255.00
· PRIORITY - 2 HOURS – R395.00
Please enquire in store for more information.
All pricing includes VAT. Terms and Conditions Apply.
PostNet Digital
42 Els Street, (next to Heilbron Herald), Heilbron 9650
Tel: 058 853 0006
Email: heilbron@postnet.co.za • Website: https://heilbron.postnet.co.za


# TE HUUR


**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**
Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Hannalie Claassen**
**079 040 0531**


## Winkelure



**MAANDAE - DONDERDAE**
07:30 -17:00
**VRYDAE:**
07:30 - 16:30
**SATERDAE**:
08:30 - 13:00
**Elsstraat 44 • Heilbron**
**Tel: 058 852 3033**

## BIBLIOTEEK OOP

***Piercestraat 66 • Heilbron***

**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***






## BLOEDSKENK DATUMS - 2022




**22 Maart**
**24 Mei**
**26 Julie**
**27 September**
**29 November**


Corporate & Commercial
Engagement & Wedding
Kiddies parties
Matric Farewell
Individual & Family
Maternity & Newborn
MARILIZE LOOTS PHOTOGRAPHY
072 180 4113
marilize@mcreative studio.co.za

NGWATHE LOCAL MUNICIPALITY (FS203)

ADJUSTED BUDGET 2021/22

The **Municipal Adjustments Budget for the financial year ending 30 June 2022** is hereby published in accordance with Chapter 4, Section 28 of the Municipal Finance Management Act,

Act No. 56 of 2003.

In view of the aforementioned Act, the following table is a consolidated overview of the proposed 2020/21 Medium- term Revenue and Expenditure Framework:

**Table 1 Consolidated Overview of the 2021/22 ADJUSTMENT**

| R thousands | Actual Budget 202021 | Adjusted Budget 202021 | Actual Budget 202122 | Adjusted Budget 202122 |
|---|---|---|---|---|
| **Operating Budget** | | | | |
| Total Operating Revenue | 804 455 | 840 398 | 882 440 | 846 533 |
| Total Operating Expenditure | 823 642 | 859 784 | 900 156 | 866 508 |
| **Surplus/(Deficit) for the year** | **-19 186** | **-19 186** | **-17 716** | **-19 973** |
| **Capital** | | | | |
| Total Operating Revenue | 119 118 | 135 418 | 157 403 | 165 137 |
| Total Operating Expenditure | 128 818 | 138 418 | 157 403 | 169 339 |

Total adjusted operating Expenditure for the 2021/22 financial year amounts to **R 866 million**, the total adjusted Revenue amounting to **R 846 million** and translates into a budgeted deficit of **R19 million** (inclusive of non-cash items, **R19 million**). The total Capital budget for 2021/22 financial year amount to **R 165 million, funded by grant 165 million and R4.2 million internal funded**.

**The council of Ngwathe Local Municipality, on the 28th February 2022, approved the Adjustments budget 2021/22**

The copy of the budget adjustment is available on the municipal website www.ngwathe.fs.gov.za

**Enquiries can be directed to:**

**Bruce Kannemeyer**
Municipal manager
jordaanr@ngwathe.co.za
Tel: 056 816 2700

**Hopolang Lebusa**
Chief Financial Officer
hopolang@ngwathe.co.za
Tel: 056 816 2700

Themba Mpindo
Budget and Expenditure Manager
mpindo@ngwathe.co.za
Tel: 056 816 2700

# JA MALHERBE ATLETE PRESTEER




*Jané Janse van Rensburg (foto links), brons medaljewenner in hoogspring van die JA Malherbe Primêre skool op Petrus Steyn tydens die Thabo Mofutsanyana Atletiekbyeenkoms op Bethlehem.*
*Mmajota Dlamini (foto regs), brons medaljewenner in spiesgooi van die JA Malherbe Primêre Skool op Petrus Steyn tydens die Thabo Mofutsanyana Atletiekbyeenkoms op Bethlehem.*

# BRONNIES SPOG MET NUWE TRUIE



*Mnr Dawid Potgieter (PANNAR) het hierdie jaar Hoërskool Heilbron se 0/13 rugbyspan se truie geborg. Hiermee wil Hoërskool Heilbron baie dankie sê aan Mnr Dawid Potgieter. Groot waardering word getoon en die opgewondenheid kan op elke kind se gesig gesien word en kan hulle nie wag om vir die eerste keer met hulle nuwe truie uit te draf nie. Hierdie 0/13 span gaan 16 - 18 Maart op 'n rugbytoer in Brandfort.*
*Op die foto agter: Mnr Tiaan vd Merwe, Jaco Moolman, JC de Villiers, Dylan Nagel, Tertius Roux , DJ Pieters, Gerrit du Plooy, Ernest Scheepers en Mnr Johnny vd Merwe.*
*Middel: Sibusiso Shabalala, Marnus Claassen , Johannes du Toit, Hanru Steyn, Matthew Macrae, Frederik Erasmus en Nicky Ribeiro. Voor: Rudy Swanepoel, Lehlohonolo Mothebe, Danie Bornman, Jannie Els, Gerhard Engelbrecht en Rikus Bronkhorst.*

POSTNET HEILBRON

BESIGHEIDSURE
Maandae - Vrydae:
08:00 -16:30
Saterdae:
09:00 -12:00

Elsstraat 42, HEILBRON
Tel: 058 853 0006



Cllr Executive Mayor Victoria de Beer

Ngwathe

PUBLIC NOTICE

INVITATION TO THE MAYORAL IMBIZO

The Mayoral Imbizo is an initiative of the municipality by the Executive Mayor where questions are answered; concerns are heard and advice is taken from the public about the municipality's programmes and services. It's an opportunity to review the Integrated Development Plan (IDP) and our Strategic Framework.

The Mayoral Imbizo is an on-going Mayoral Outreach Programme aimed at bringing government closer to the people, whereby the Municipality interacts with communities regarding upcoming service delivery projects in their areas and progress on existing ones.

These public meetings take place in March across the Municipality where Executive Mayor Cllr. Victoria De Beer and her members of the Mayoral Committee and Municipal officials will interact with members of the public, inspect current projects and have stakeholder engagements.

The meetings are in the following areas:

Date: 7 March 2022
Town: Edenville
Time: 17H00 Public Meeting
Venue: NG KERK

Date: 14 March
Town: Heilbron
Time: 17h00 Public meeting
Venue: Phiritladi Primary School

Date: 16 March 2022
Town: Vredefort
Time: 17H00
Venue: S.S Paki School

Date: 17 March 2022
Town: Koppies
Time: 17H00
Venue: Kwakwatsi hall

Date: 18 March 2022
Town: Parys
Town: Moster Nasadi
Time: 17H00

1. The community is requested to contact their Ward Councillors for any inquiries.

2. The Imbizos will also be virtual.

3. Members of the public are requested to arrive on time and adhere to strict COVID-19 protocols.

#EveryDropCounts #SaveWater #KeepNgwatheClean
Reduce • Reuse • Recycle • Restore

NB: Program of the day will be communicated with different stakeholders.

For more information, Please Contact office of the Executive Mayor, **Liebenberg street, P.O. Box 359, Parys, 9585. Municipal Main Offices @ 056 861 2700**

# EERSTE PLEK VIR TIAAN



*Tiaan Britz het die afgelope naweek 'n 1ste plek in Germiston by die Herman Immelman stadion behaal vir Hammergooi seuns 0/15, en ook is dit sy eie persoonlike beste afstand van 42,95m. Hy is in die Gauteng span wat aan die SA kampioenskappe deelneem in Germiston 15 - 18 Maart.*

# HUPPEL TRIPPEL KLUB HOU PIEKNIEK





Die Huppel Trippel Klub se vorige saamkuier het in die rooi sitkamer plaasgevind waar Ria van Vuuren die spreker was. Sy het gesels oor die kuns van oudword.

Hierdie week was 'n heerlike buite-kuier. Agt en dertig lede het lekker piekniek gehou onder die bome langs die kantoor by Huis-Bron-van-Heil. Elza Kriel het 'n heerlike speletjie aangebied. Almal het lekker saamgespeel en saamgesing. Elza het ook baie moeite gedoen om vir elkeen 'n 'piekniek-pakkie' saam te bring.

Op 22 Maart beplan hulle 'n worsbraai en 'n heerlike broodjie met sous en al. Dis só verblydend om te sien hoe dit nou moontlik is vir inwoners om met looprame en rolstoele te kan meedoen aan die aktiwiteite. Die skuif na die Oord toe was voorwaar 'n wenner.

# JA MALHERBE BY VKB BIELIEMIELIEFEES



*Die 0/7 Mini Netbalspan van die JA Malherbe Primêre skool op Petrus Steyn tydens die VKB Bieliemieliefees. By hulle is hulle afrigters, juffrouens Anske Erasmus en Hester Benadé.*



*Die 0/8 Mini Netbalspan van die JA Malherbe Primêre skool op Petrus Steyn tydens die VKB Bieliemieliefees. By hulle is hulle afrigters, juffrouens Anske Erasmus en Hester Benadé.*



*Thato Mofokeng van die JA Malherbe Primêre skool op Petrus Steyn is tydens die VKB Bieliemieliefees se Bulletjie-rugby aangewys as die Speler van die Dag. By hom is die skoolhoof en afrigter van die Bulletjie-rugby by JA Malherbe, mnr. Bokkie Bosman.*




HERALD Sport

# JACKIE BLY OP SY TROON

Jackie Leonard het Saterdag Heilbron Gholfklub se kampioenskappe vir die 9de keer gewen met 'n telling van 3 houe onder baansyfer.

In die B-afdeling het RJ Muller se konstante spel die knoop vir hom deurgehaak. Hy wen die afdeling met 'n telling van 160 houe. Johan Nelson maak skoonskip in die C-afdeling. Die senior afdeling, dit is nou die 50-plussers, Julyan Bruyns weer op die rostrum geklim en wen met 'n telling van 83 houe oor 18 putjies. Telanie Strydom verdedig haar titel met 'n wentelling van 102 houe.

Hoërskool Heilbron se gholfdag word môre aangebied met sowat 72 spelers wat aan die dag gaan deelneem, dit is een van hulle jaarlikse groot fondsinsamelings.



*Heilbron Gholfklub se kampioene vl: Julyan Bruyns, Jackie Leonard, RJ Muller en Johan Nelson.*

# HEILBRON ROLBAL SPRING DIE JAAR WEG MET 'N "BANG"!!

Talle nuwe lede het hul verskyning gemaak hierdie jaar wat Heilbron se Rolbalklub nou die grootste Klub in die Valsrivier streek maak.

Twee mans- en twee damesspanne het deurgegaan na die Noord-Vrystaat Kampioenskappe waar hulle baie kompeterende rolbal gespeel het.

In Februarie neem ons eie Springbok, Rudi Jacobs deel aan die Meesters kampioenskappe in Pretoria waar hy die silver medalje verower het. Heilbron is super trots op hom!

Hannalie Claassen en Christiaan Muller verteenwoordig Noord-Vrystaat in die inter-distrikte kampioenskappe en Rudi en Tracy Jacobs verteenwoordig Noord-Wes.

TL en Henriehett de Waal verteenwoordig die Flaminke tydens die Noord teen Suid -Vrystaat derby waar Noord-Vrystaat met slegs twee punte verloor. Christiaan Muller was ook deel van die Noord-Vrystaat onder 20 span wat op Kroonstad deelgeneem het.

Die Klubhuis trek ook 'n nuwe baaitjie aan. Spreiligte is aangebring vir aandspel en die klubhuis is binne oorgedoen. Talle ander projekte word beplan vir die jaar.



*Christiaan Muller en Hannalie Claassen.*









# JAGTERS NUUS

Die Riemland Jagtersvereniging het op Saterdag 5 Maart hulle eerste skietdag vir die jaar aangebied. Die vorige skietdae moes as gevolg van die reën afgestel word. 28 Lede het die Pretskietdag bygewoon.

**Die uitslae is as volg:**

**Jaggeweer Wenners:** Japie Steyn en Ryan du Plessis met 100%(Voltal)

**Haelgeweer:** JM Joubert 90%

**.22 Geweer:** Hennie Fourie 89%.

**Handwapen:** Beau du Plessis.

Die ghongskiet oor 300 meter is gewen deur Japie Steyn met 20 punte uit 'n moontlike 25.


